
# SAAI GROND



BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

Ontwerp deur: Erijke Fourie
Gedruk deur: Centurion Signs
2021

BEGROND

Instituut vir Christelike Grondslagstudies

Wikus Buys

Koos Kirsten

Lourens Venter

Paul Maritz

2022 Centurion

# Saai grond inhoudsopgawe

Inleiding

1. Koningskap van Jesus Christus

2. Sonde

3. Vergifnis

4. Nuut gemaak

5. Geloofsgroei

6. Oorwinning

Slot



# SAAI GROND

# INLEIDING

*1. Die vrae van die lewe*

Die meeste mense wil graag antwoorde kry op die dieper vrae van die lewe. Party mense meer as ander. Soms vra ons hierdie vrae vir ander mense, soms vra ons dit vir onsself, en soms vra ander mense dit vir ons. Verskillende mense dink verskillend daaroor – party dink lank en diep, en ander mense aanvaar dinge makliker.

Hoe ons optree in die wêreld hang af van die antwoorde op hierdie lewensvrae. Baie keer het ons nog nie eens oor die vrae en antwoorde gedink nie, maar ons tree tog op 'n sekere manier op. Dit is omdat ons baie keer onbewustelik antwoorde op hierdie vrae het (ons glo sekere antwoorde sonder om dit regtig te besef). Ons het altyd redes hoekom ons doen wat ons doen. Daardie redes word bepaal deur ons antwoorde op die vrae van die lewe, bewustelik of onbewustelik.

Een van die eerste vrae van die lewe wat kinders op 'n jong ouderdom vra, is:

- Waar kom ek vandaan?
- Waar kom die mens vandaan?
- Hoe het die mensdom ontstaan?
- Hoekom bestaan ons?
- Kan ek vry kies wat ek wil doen?
- Is daar lewe (of íéts) ná die dood?

Soos wat 'n mens ouer word, kom jy in aanraking met godsdiens.

Dan volg daar vrae oor God, soos:

- Bestaan God?
- Wie is God?
- Is daar net een ware God?
- Het God enige betekenis vir my?
- Wat is daardie betekenis van my lewe?
- Daar is verder ook ander tipe vrae oor wat die lewe en die werklikheid is?
- Is die goed wat ons kan sien en waaraan ons kan raak, dus fisiese goed, die enigste goed wat bestaan?
- Of is daar ook ‘n geestelike en onsigbare deel van die werklikheid?
- Is ons as mense net ‘n liggaam, of het elke mens ook ‘n siel of ‘n gees?
- As daar ‘n geestelike deel van die lewe is, kan ons iets daarvan leer?
- En hoe kan ons daarvan leer?
- Gaan die lewe oor meer as net plesier en opwinding?

As ons nog verder kyk en dink, begin ons ook wonder oor wat reg en verkeerd is.

- Hoe weet ons wat is reg en wat is verkeerd?
- Moet ons onsself of ander mense hieroor vertrou, of is daar ‘n ander hoër gesag wat ons hieroor leer?
- Wat is verkeerd met die wêreld?
- Kan ons dit beter maak?
- Wat kan en moet ons doen om die wêreld ‘n beter plek te maak?

Hier is nou ‘n paar maniere gegee hoe lewensvrae ‘n mens kan beïnvloed. Ons wil graag hierdie antwoorde uit die Bybel self kry. Die antwoord op hierdie vrae is soos ‘n bril waardeur jy na die wêreld kyk. Ons noem dit ons lewens- en wêreldbeskouing. Ons wil graag ‘n Christelike bril ophê as ons na die werklikheid kyk. Ons wil dat die Woord van die Here ons die antwoorde leer.

Hierdie boekie sal die lewensvrae uit die Bybel antwoord.



# HOOFSTUK 1

# KONINGSKAP VAN JESUS CHRISTUS

**"Ek is die weg die waarheid en die lewe.**
**Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."**
**Johannes 14:6**

## Goeie en slegte leiers

Elke land het 'n leier. Sommige lande het presidente of eerste ministers, ander lande het konings en koninginne of prinse en prinsesse. Sommige lande se konings word aangewys deur hulle bloedlyn en ander lande se presidente word demokraties verkies deur die mense.

Die doel van die leiers is egter een en dieselfde: om te regeer.

'n Land sonder 'n leier bring baie uitdagings. Goeie leierskap help om goeie besluite te neem. Leiers is juis daar omdat hulle uitstaan bo ander mense, en vertrou moet word, om die beste belange van ander te bevorder. 'n Slegte leier bring baie nadele vir almal onder daardie gesag.

## Konings regeer

Geen leier kan regeer sonder mense nie. Jy kan tog nie op jou eie jouself as koning verklaar nie. Want 'n Koning is nooit sonder onderdane nie. Wat God se Koningskap so besonders maak, is dat Hy ewig Koning is. Hy is nie verkies soos in 'n demokrasie nie. Hy het dit ook nie afgedwing soos 'n autokrasie, 'n onderdrukker nie. God is en bly ewig Koning, 'n Teokrasie, dit beteken 'die regering van God'.

Hy is Koning want Hy het alles self uitgedink en gevorm en geskep. Hy is baie meer as 'n leier, want alle mense is afhanklik van Hom om te kan leef. Hy is die Skepper en die Onderhouer van alle dinge. Dit beteken dat God elke dingetjie in die hele skepping gemaak het, maar dat Hy ook alles wat Hy gemaak het, in die lewe hou.  Ook vir jou en my.

# Wie is die regte Koning?

Ons leer in die Bybel dat God die Vader juis die Skepper is van alle dinge. Hy is die ewige Koning. Hy het alle dinge gemaak en onderhou alle dinge deur die werk van die Heilige Gees. Hy het egter hierdie Koningskap opgedra aan Sy geliefde Seun, ons Here Jesus Christus. God die Vader het sy eie Seun aangestel op aarde as die Koning. Daarvoor het HY Hom gesalf met die Heilige Gees, dit beteken dat die Heilige Gees die Seun, Jesus Christus, afsonder om Koning te wees. Jesus sit aan die regterhand van die Vader vanwaar Hy regeer as Koning.

# Hoe regeer Hy?

Die regering van God is baie uniek. Omdat Hy alle dinge gemaak het, is selfs die skepping aan Hom gehoorsaam. Met ander woorde, as Hy praat dan luister alles en almal na sy stem, en doen wat Hy beveel.

Sy Woord is so magtig, dat ons dit Almagtig noem. Hy besit álle mag in die hemel en op die aarde. Hy kan byvoorbeeld vir die berge en die heuwels opdragte gee of vir die wind en die see sê wat om te doen. Sy Woord is skeppingsmagtig wat lewe uit die dood voortbring.

Omdat Hy Koning is en alles en almal onder Sy gesag staan, moet ons luister na Sy Woord. Hierdie Woord is vir ons opgeteken in 66 boeke, wat ons die Bybel noem. In die Bybel leer ons presies ken Wie God is en wat Hy van ons verwag oor hoe ons moet lewe.

Nou sal jy saamstem, dat nie almal wat die Bybel lees, doen wat daarin geskryf staan nie. God se gesag word nie deur almal erken nie. Dit beteken egter nie dat Hy ophou om Koning te wees nie. God regeer nie net deur sy Woord nie, maar ook deur sy Heilige Gees.

# Erken God se Koningskap

God se Gees en sy Woord werk altyd saam. Daarom is daar sommige mense wat God se Woord hoor en dit erken en doen, maar ook sommige wat hulle nie daaraan steur nie. In die volgende paar hoofstukke gaan ons probeer om vir jou te verduidelik waarom jy ook God se Koningskap en gesag oor jou lewe moet erken. Die Bybel wys vir ons hoe voordelig dit is om so vir God te luister.

God wil jou lewe doelgerig en betekenisvol gebruik in sy Koninkryk. Hy is ‘n uitsonderlike Leier wat totaal anders is as die leiers wat ons hier op aarde het. Hy wil hê dat jy Hom as Koning oor jou lewe moet erken, en totaal anders moet leef as die ongelowige wêreld. Hy wil jou leer waarom Hy hierdie wêreld geskep het, en dat jou lewe ook tot Sy eer gerig moet word.

# Die Koning is ook die Regter

Omdat ‘n koning die hoogste gesag dra, kan hy ook besluite neem en sake beoordeel. Deur die geskiedenis het ons al gesien hoe konings en presidente hierdie gesag misbruik deur mense te onderdruk en hulleself te verryk.

Dit maak ook God se Koningskap anders. Hy is nie soos ‘n mens wat hou van die weelde en die dinge van die wêreld nie. Hy het dit tog self gemaak. Alles behoort in elk geval aan Hom. God is nie ‘n Koning wat wil ryk wees en in mooi kastele bly nie. Hy is ‘n Koning wat erken wil word en geëer wil word vir Wie Hy is. Hy wil in liefde saam met sy mense op aarde woon.

Hy is nie net die Koning nie, maar ook die Regter. Hy beoordeel jou lewe. Hy bepaal wat reg en verkeerd is in Sy Koninkryk en meet ook jou lewe daaraan. God se Woord, die Bybel is die “grondwet” van sy Koninkryk. Dit is baie goed dat hierdie Koning se woord aan ander mense oorgedra word.

Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring,
wat vrede laat hoor; wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep;
wat aan Sion sê: Jou God is Koning!
Jesaja 52:7



# HOOFSTUK 2

# SONDE

**"Ja my sondskuld bely ek. Ek is bekommerd oor my sonde."**
**Psalms 38:19**

## Wat is verkeerd met die wêreld?

Die wêreld is vol hartseer, seerkry, swaarkry, ongelukkigheid en eindelik ook die dood. Maar die mens het nie altyd 'n antwoord waarom nie? Baie mense wonder wat die oorsaak is van al hierdie ellende en gee aan God die skuld. Hoe kan 'n God van liefde soveel hartseer en dood toelaat?

In werklikheid is dit mense wat self hierdie ellende veroorsaak. Regerings onderdruk mense en menings en voer oorlog. Kinders sterf sonder rede. Armes vergaan in hul armoede terwyl ander in oorvloed en weelde baljaar.

Die aarde gaan agteruit en mense werk nie saam om die probleme op te los nie. Mense stem nie eens saam oor wat die probleem is nie, laat staan nog wat die oplossing is.  Hoe gaan ons die wêreld beter maak?

## Die mens is die probleem

Daar is diegene wat met verskillende voorstelle kom. Een van die voorstelle is dat die mens self die probleem is. Ons kan probeer om al die mense weg te vat, want die mensdom, al die mense saam, veroorsaak al die probleme.  Die fout is die mensdom.  As ons al die mense meteens kan wegvat, sal al die probleme ook weggaan.

As daar fout is met die mensdom, dan is daar ook fout met elkeen van ons.  Daar is ook fout met jou.  Wat is dan verkeerd met my?  Ek is nie so sleg nie!  Ek haat nie alle mense nie en probeer soms om goed aan ander te doen. Ek soek nie net altyd my eie voordeel nie.  As ek daardeur bevoordeel word probeer ek soveel harder om goed te doen.  As ek nie voordeel daaruit kry nie, doen ek net eenvoudig niks nie.  Ek breek nie af nie.  Ek steel en moor nie.  Ek is nie 'n slegte mens nie!

## Die mens se groot probleem

Die grootste probleem is egter nie die mens nie, maar iets wat deel is van die mens se bestaan. Dat ons ellendig is. Ellendig beteken om nie te doen en te wees wat jy veronderstel is om te doen en te wees nie. Jou grootste probleem is ook die hele wêreld se grootste probleem. Die Bybel noem dit sonde. Elke mens in hierdie wêreld is ‘n sondaar. Almal, sonder uitsondering, doen dinge wat sleg en verkeerd is. Elke mens!

Dit is nie hoe God die mens gemaak het nie. Die mens het so geword. In die begin het God die mens goed en reg geskep, na sy beeld. Maar die mens het self begeer om soos God te wees. En deur die aanhitsing van die duiwel het die mens in sonde verval.

Deur die sonde het die mens die lewe verloor en die dood gebring. Die sonde het deel geword van ons menslike natuur. Dit is hoe diep die sonde in elke mens ingebed lê. Die wêreld lyk soos hy lyk, omdat sy bewoners sondaars is, omdat ek en jy, net soos die res van die mensdom, sondaars is.

## Geneig om te haat

Die Bybel leer dit vir ons. Die Bybel leer ons dat ons geneig is om God en ons naaste te haat. Hierdie dinge moet ons mooi verstaan. Die Bybel sê nie dat ons altyd God en ons naaste haat nie. Die Bybel sê ons is geneig om God en ons naaste te haat. Dit beteken dat ons eerder die slegte as die goeie sal doen.

As dit ons pas, dan haat ons. As dit ons nie pas nie, dan haat ons nie. Ons doen wat ons pas. Die Bybel leer ons dat ons moet liefhê. Ons moet God en ons naaste liefhê maar ons kan nie. Ons doen dit nie vanself nie. Dit is waar die groot probleem lê. Ons is geneig om God en ons naaste te haat eerder as om lief te hê. Dit het groot langtermyn gevolge vir ons as dit nie verander word nie.

# Die gevolge van die sonde

**Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen 10of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.**

**1 Korintiers 6: 9,10**

Elke mens wat sonde doen, verdien die dood. Tydelik en ewig. Eers as ons die Here se Woord bestudeer, kom ons agter hoe diep ons in die sonde geval het. Dit is net die Bybel wat ons leer hoe groot ons sonde en ellende is. Maar dit Bybel leer ons ook dat ons van hierdie sonde en ellende verlos kan word.

Daar moet vir ons sonde betaal word om die verhouding met God te herstel. Ons kan nie self vir hierdie sonde betaal nie. Daarvoor het ons Jesus Christus nodig.





# HOOFSTUK 3

# VERGIFNIS

**" ... en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe."**

**Mattheus 6:12**

## Kan jy vergewe?

Wat is vergifnis, en hoe werk dit vir Christene? Ons lees so gereeld in die Bybel dat iemand vir wie die Here vergewe het, self ook ander mense moet kan vergewe. Ons lees in Efesiërs waar daar staan:

**... vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.**

Het jy al die mense vergewe wat verkeerd met jou gemaak het in jou lewe?
Om vergifnis te kry en te gee het groot troos en krag in ons lewens.
So staan in Hebreërs 8:12:

**Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit weer dink nie .**

Hierdie woorde beteken baie vir ons, maar verstaan ons werklik met die nodige diepte wat vergifnis is, en waarom God die Vader ons vergewe het?

## Vergifnis is nie goedkoop nie

Mense verstaan baie keer verkeerd wat vergifnis nou eintlik is, en veral waar dit vandaan kom. Daar is mense wat dink dat ons verkeerde dade en ons skuld, wat elke dag nog meer word, soos wat ons meer sonde doen, sommer maar net so weggaan, sonder dat daar ooit voor betaal is.

Heelwat mense dink dat ons maar net 'n onbeperkte rekening het, waarop ons elke dag nog skuld kan maak, en wat elke aand skoongevee word vir ons om die volgende dag weer van voor af skuld op te bou. Dit is in werklikheid glad nie die geval nie. Die Here vergewe nie sondes waarvoor nie betaal is nie.

In Eksodus 23:7 sê God self vir die volk Israel:

**Ek sal die skuldige nie regverdig verklaar nie .**

## God is altyd reg

God is self heeltemal regverdig. Dit beteken dat Hy altyd in alle omstandighede reg is, en nooit iets wat verkeerd is, sal oorsien of maak asof dit reg is nie. Hy laat onder geen omstandighede onregverdigheid maar net verbygaan nie.

Dink maar aan 'n ouer wat 'n ongehoorsame kind nie teregwys nie, en konstant weier om die kind se ongehoorsaamheid raak te sien – sekerlik sou enige redelike mens saamstem dat dit verkeerd is om so te handel. As daar iets is soos reg, en iets is soos verkeerd, dan moet dit wat verkeerd is aangespreek word.

So is dit ook met ons band tot God. Die skuld van die sondes wat ons elke dag doen, en wat deur ons lewe net meer en meer word, moet betaal word. God eis dit omdat Hy altyd regverdig is. Maar wie sal dan ons skuld betaal?

## Jy kan nie self betaal nie

Kan ons vir ons eie sonde instaan, en ons eie skuld afbetaal? Die Bybel maak dit vir ons baie duidelik dat ons nie vir ons eie skuld teenoor God kan betaal nie. Die rede is dat ons sondes te groot is en dat die prys daarvoor ons eie lewe is.

**Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.**
**Romeine 6:23.**

Ons kan nie self betaal nie. Trouens, ons maak ons eie skuldlas konstant groter.

Selfs al het ons goeie voornemens, kry ons dit nie reg nie. Paulus skryf in Romeine 7:19 woorde waarmee alle mense heelhartig ken:

**Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek .**

Met die beste bedoelings oortree ons steeds elke dag God se wet. Ons word kwaad vir ons geliefdes, ons raak jaloers op ander mense se sukses, ons begeer die rykdom van ander, ons haat ons medemens, en die lys gaan aan en aan.

# Waar kom vergifnis vandaan?

As ons dan nie ons skuld teenoor God kan betaal nie, waar kom vergifnis dan vandaan? Of anders gestel, wie sal dan in ons plek betaal? Mense oortree teenoor God wat regverdig is, daarom moet ‘n mens self betaal. Diere of ander dinge kan nie in ons plek betaal nie. Hierdie las is vir mense te swaar om self te dra. Ons het onsself in hierdie moeilike posisie geplaas.

Ons skuld moet betaal kan word deur iemand wat ‘n mens is, maar ook sterker as ‘n mens. So Iemand moet self ook God wees. Ons besef dat ons ‘n Verlosser nodig het, ‘n Verlosser wat ten volle God is, en ook ten volle mens. Nou verstaan ons ook waarom dit nodig was vir Jesus Christus om mens te word, en gekruisig te word.

Ons lees in Johannes 3:16 hierdie woorde:

**Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê .**

Van kleins af word kinders geleer om in Jesus se Naam te bid, en dat Jesus vir ons sondes gesterf het. Eers wanneer ons besef hoe groot ons skuld voor God regtig is, en dat ons werklik die ewige hel verdien, dan kan ons begin verstaan hoe groot die offer van Jesus Christus aan die kruis was. Jesus Christus offer sy eie lewe op as betaling vir ons sondeskuld.

In Romeine 8:3 word hierdie waarheid duidelik:

**Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel .**

Omdat Jesus Christus in ons plek die skuld wat ons gemaak het, en steeds elke dag maak, betaal het, mag ons weer in gebed met God praat, altyd in die Naam van ons Verlosser, Jesus Christus. Jesus staan in die middel tussen ons en God, daarom noem ons Hom ons Middelaar, ons Middel-man.

## Het God my al vergewe. Hoe weet ek?

Ons weet nou dat betaling as vergifnis van ons sondes moontlik is. Maar hoe weet ek of ekself vergewe is? Hoe weet ek of Jesus Christus my Middelaar is?
Hoe maak mens om toegang tot hierdie vergifnis te kry?

In Romeine 10:9 vind ons die troos woorde:

**As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word .**

Jy moet jou sondes openlik vir die Here bely in gebed. Jy moet vir Hom sê dat Hy reg is, en wat jy verkeerd gedoen het. Dan belowe die Here om vir jou vergifnis te gee:

**As ons ons sondes bely Hy is getrou en regverdig, en daarom sal Hy ons ons sondes vergeef en ons van alle kwaad reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy Woord nie in ons nie.**

**1 Johannes 1:9-10.**

Die hele prentjie word nou vir ons duidelik. Ons kry deel aan wat Jesus Christus aan die kruis verdien het vir ons deur te erken ons is verkeerd en dit vir God te sê. Ons kry deel aan sy betaling deur die belofte te glo dat God ons sondes vergewe. Die Heilige Gees help die kinders van God hiermee.

As God iemand se sondes vergewe, dan voel daardie persoon nie meer skuldig en sleg nie. God die Heilige Gees getuig in die persoon se hart dat hy of sy nou 'n kind van die Here is. Die Here vergewe sy kinders se sondes. Die Here vergewe nie sy vyande se sondes nie, maar straf hulle baie swaar daarvoor.

## Kry en gee vergifnis

Het jy al jou sondes al vir die Here bely? Het jy al vergifnis gekry van al jou sondes? Die Heilige Gees maak ons harte rustig as ons vergifnis ontvang, want ons weet dan dat die Here nie meer vir ons kwaad is en ons gaan skade doen nie. As jy vergewe is deur die Here, is jy bereid om die mens wat jou seergemaak het, ook te vergewe vir wat hulle aan jou gedoen het. Net mense wat vergifnis van die Here gekry het, kan dit ook weer uitdeel aan ander mense.



# HOOFSTUK 4

# NUUT GEMAAK

> **"Daarop sê Jesus vir hom: "Dít verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."**
> **Johannes 3:3**

## Skoon gewas

Deur die bloed van Christus word ons skoon gewas van al ons sondes en oortredinge. Wit is die simbool van reinheid. Dit is so helder en mooi skoon. 'n Mens sien ook baie maklik op wit as dit vuil is.

In die vorige hoofstukke het ons duidelik gesien hoe die sonde ons lewens swart smeer, en hoe ons Here Jesus Christus deur die offer van sy bloed betaal het vir die skuld van ons sondes. So was die Here ons figuurlik skoon.

**Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. Jesaja 1:18.**

## Weer gebore

Die woordjie wat ons in die Bybel leer ken wanneer Jesus ons met sy bloed skoon was, is wedergeboorte. Dit beteken letterlik om weer gebore te word. Jesus het dit op 'n keer aan 'n volgeling (dissipel), Nikodemus verduidelik, dat dit nie beteken dat jy weer in jou ma se maag ingaan nie, maar geestelik weer gebore word.

Jy word gebore as 'n nuwe mens. Dit is iemand wat jy nog nie te vore was nie. Die mens wat jy was, die mens van die sonde word as te ware in die dood van Jesus begrawe. Die Bybel beskryf dit ook as 'n sterwe van jou sondige geaardheid.

Saam met Jesus sterf jy aan die kruis van al jou sonde, maar jy word weer opgewek in 'n nuwe lewe. Jy word nuut gebore.

# Die Heilige Gees maak ons nuut

Hierdie vernuwing vind plaas deur die werk van die Heilige Gees. Niemand van ons sal tog fisies in bloed wil bad nie, en niemand van ons sal tog regtig aan ‘n kruis wil hang of in die graf gaan lê nie... Hierdie is simboliese taal wat op ‘n praktiese en bekende manier aan ons wil verduidelik hoe die Here ons lewe verander.

Natuurlik gebeur hierdie verandering ook werklik, maar dit is iets wat ‘n mens nie fisies kan sien met jou oog nie. Dit is soos die wind wat waai. Jy kan nie die wind sien nie, maar jy kan sien wat die wind doen. Jy kan sien hoe sterk die wind waai aan die blare en die stof en die bome wat beweeg. Jy kan dit ook voel. Soms waai ‘n sterk wind jou om.

Net soos die wind, werk die Gees van God in ons harte en maak dit anders. Daardie verandering beteken dat jy ook anders word. Jy is nou ‘n nuwe mens wat anders optree en anders leef.

# Die Heilige Gees gee geloof

Hierdie verandering wat die Heilige Gees in ons bewerk, gee vir ons sekerheid en vertroue. Die sekerheid is dat God werklik ons lewens anders maak, en die vertroue is dat ons anders sal leef. Ons noem dit geloof.

Geloof beteken dat jy seker is van iets wat jy nie kan sien nie, maar weet dat dit eg en waar is. Om te glo beteken dat jy oortuig is van iets. Jy sal tog nie in iets of iemand glo as jy nie vertroue daarin het nie?

Dit is soos iemand wat iets vir jou belowe, maar jy weet daardie persoon kan nie die belofte nakom nie. As ‘n wild vreemdeling sommer sy kar se sleutels in jou hand stop en sê jy kan die kar kry, gaan jy daardie persoon nie sommer maar net glo nie. Jy gaan wonder of dit eg is. Jy gaan wonder of dit regtig so is. By God is dit nie so nie. As Hy ‘n belofte maak, dan is Hy getrou om daardie belofte te hou.

# Die Woord en Gees gee sekerheid

Die versekering van God se beloftes wat Hy maak, kry ons in die Bybel. Ons ervaar dit ook deur die Heilige Gees. God maak nie leë beloftes nie. Dit wat Hy belowe voer Hy uit. Maar Hy bring ook vrede en rustigheid in 'n mens se hart. So word die Koningskap van God werklik in ons lewe.





# HOOFSTUK 5

# GELOOFSGROEI

**"Maar slegs God het laat groei"**

**1 Korintiërs 3:7**

## Hoe sal die lewe van 'n gelowige lyk?

Om onder leiding van die Heilige Gees tot geloof in God deur Jesus Christus te kom is vir die gelowige 'n oomblik wat sy/haar lewe vir altyd verander. Ook hulle wat bevoorreg genoeg is om in die geloof groot te word, erken met hul geloofsbelydenis dat hulle die Woord van God as die waarheid oor hul lewens aanvaar, en dat hulle daarvolgens sal leef.

So 'n belydenis of bekering is wel maar die begin van ons geloofsreis. Ons geloof is soos 'n boom, wat nie net geplant kan word nie, maar wat moet groei, en sterker word. Dit moet vir die mense om ons vrug kan dra, en 'n getuienis van ons geloof in God kan wees.

Ons lees in 2 Tessalonisense 1:3 dat die apostel Paulus God dank omdat die gemeente in die geloof groei, soos wat ons op baie ander plekke in die Bybel duidelik lees dat God van ons verwag om lewende en groeiende geloof te hê.

## Hoe lyk geloofsgroei?

In 2 Petrus 1:5-7 word daar aan ons duidelik gemaak hoe geloofsgroei behoort te lyk:

**En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar, en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.**

# Ons sien hier dat ons geloof op ses gebiede moet groei:

<u>Deugsaamheid</u> is dalk 'n minder bekende woord – dit gaan breedweg daaroor om 'n nuttige bydrae te maak. 'n Gelowige moet iets beteken vir die koninkryk van God. Ons moet iets kan doen om die koninkryk van God uit te brei. Ons moet onsself in diens van God stel om met ons dade ook 'n bydrae te maak in die kerk en samelewing.

Deugsaamheid, wat baie bepaald oor dade gaan, word volgens die Skrif verryk met <u>kennis</u>. Ons bekom kennis net as ons tyd bestee aan die Woord van God. Volgens Psalm 1:2b moet ons gereeld die Bybel lees, dit bestudeer en nadink oor wat ons daarin lees. As ons in geloof wil groei, kan God se Woord nie maar net 'n motiveringsboekie wees wat ons nader hark as dinge swaar gaan nie. Die Woord moet konstant in ons gedagtes wees.

Volgende word daar aan ons gestel dat ons <u>Selfbeheersing</u> moet kan toepas. Daar is só gereeld dinge wat ons beproef om ons eie reëls te oortree, om beheer oor onsself te verloor. Dit is soos wanneer iemand jou kwaad maak, en jy jouself moet beheer om hom/haar nie te lyf te gaan nie. Of as iemand jou 'n derde of vierde drankie aanbied, nee te sê. Selfbeheersing gaan ook daaroor om te doen wat jy gesê het jy sal doen, al is dit nie lekker nie. Ook om te studeer of te werk wanneer ander mense jou nooi om saam partytjie te hou.

Volgende is daar <u>volharding</u>. Die gelowige moet weet dat geloofsgroei 'n pad is wat volharding en deursettingsvermoë verg. Die apostels het in sommige gevalle liewer hul lewens verloor as om teen God se Woord in te gaan, tog gee ons vandag maklik in of op wanneer die sonde die gemakliker pad is om te loop. Geloofsgroei beteken dat ons nie maar net partykeer God se Woord gehoorsaam nie, maar dat ons werklik daarvolgens leef.

Ons lees dan dat volharding deur <u>godsvrug</u> verryk kan word. Daar bestaan dikwels die opvatting dat goeie dade kan veroorsaak dat 'n mens verlos kan word, maar dit is nie waar nie. Ons kan onsself nie red nie. Goeie dade is wel ons manier om ons dankbaarheid teenoor God te vertoon omdat Hy sy eniggebore Seun gestuur het om ons sondes op Hom te neem, en dit is 'n manier vir ons om sonder woorde aan die wêreld te getuig hoe 'n gelowige moet leef.

Van <u>liefde</u> word daar baie in die Bybel gepraat, en dat liefde teenoor ons naaste belangrik is, kan geen gelowige betwyfel nie. Hierdie liefde gaan nie oor hoe jy oor ander mense voel nie, maar dat jy bereid is om hulle te help en by te staan. Liefde is die bereidheid om jouself op te offer ter wille van ander. Die beste voorbeeld van hierdie liefde is Christus wat bereid was om vir ons en in ons plek te sterf.

## Ons mag dalk nou vra: Waarom moet ek groei in geloof?

Benewens die redes wat gegee is, wil God ook hê dat ons moet groei in geloof sodat ons nuttige instrumente in Sy hand kan wees, sodat ons gebruik kan word in sy Meesterplan. Dink maar aan die laaste woorde van Jesus Christus aan sy dissipels:

**Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.**

Wanneer ons in geloof groei, kan ons ook uitgestuur word om vir Jesus dissipels van mense te maak.





# HOOFSTUK 6

# OORWINNING

**"Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?"**

**1 Joh. 4:4-5.**

## Wenners van die wêreld

Van die vroegste tye af wil iemand altyd die baas speel oor ander mense. Die Here het dit in die skepping natuurlik nie so bedoel nie. Die Here het die mens as sy kind geskep en sy bedoeling was dat die mense in vryheid lewe om hulle werk in die skepping vir die Here te doen.

Die sondeval in die paradys verbreek hierdie vrede. Van daardie tyd af stry die mensdom met mekaar wie is in beheer. Elkeen probeer eintlik om die ander een onder te kry en te verslaaf. Met hierdie stand van sake kry ons nou nog steeds elke dag mee te doen.

Ons noem 'n paar voorbeelde: in baie huwelike en verhoudings is daar 'n gestryery oor wie het nou eintlik die finale sê. Baie mans probeer hulle vroue subtiel onderdruk om maar hulle wil eintlik af te druk. So rebelleer baie vrou weer terug deurdat hulle die mans probeer manipuleer en inspan vir hulle eie wil. In die werksplekke kry ons dit ook dat mense onbillik en dominerend is.

Selfs op die groot wêreld verhoog probeer nasies en state mekaar uitdaag om dominansie. In ons tyd is dit byvoorbeeld die VSA en China teen mekaar. Die ongelowige wêreld probeer ook die kerk van die Here ignoreer of domineer, hulle wil baie keer hê dat die kerk net dinge mag sê en doen wat hulle eers goedkeur. Al hierdie voorbeelde wys eintlik maar op een ding. Wie wen nou eintlik?

# God gee oorwinning

Gelowiges het hier ‘n groot voordeel en troos in die lewe. Die Here leer ons in die Bybel dat al is daar baie dinge teen ‘n gelowiges en al gaan ons soms ook gebuk onder die las van ander mense wat ons probeer verdruk en domineer, kan ons weet dat God aan ons die oorwinning reeds gegee het. Hoe het God dit gedoen?

Net na die sondeval het God ‘n belofte aan Adam se vrou, Mannin, gemaak dat een van haar kinders deur God as die oorwinnaar van die satan en die sonde gestuur sal word. Sy het die Here se belofte geglo en toe swanger geraak met Abel, haar en Adam se eerste kind. Adam het toe vir sy vrou haar tweede naam gegee, Eva, omdat sy op hierdie manier in die Here geglo het. Eva beteken die moeder van al wat lewe.

Abel was egter ook ‘n sondaar omdat sy pa en ma ook nog sondes gehad het. So is daar klomp geslagte na mekaar gebore maar almal het die selfde probleem gehad: hulle bly sondaars. Intussen het God se belofte steeds bly staan dat hy iemand sal stuur wat die oorwinning bring.

# God stuur sy Seun self

God die Vader het toe sy eie Seun, Jesus Christus uit die hemel gestuur. Jesus is as ‘n mens gebore uit Maria, sonder dat sy en Josef, toe haar verloofde, seksuele omgang gehad het. Maria het swanger geword deur die Heilige Gees self. Vir die eerste keer na Adam word daar toe ‘n mens gebore wat nie sonde het nie. Jesus is uit Maria gebore, maar nie deur ‘n mens soos Josef se toedoen nie.

Die eeue oue ketting wat daarvoor aan die gang was, dat die pa’s en ma’s die sondes weer aan hulle kinders oordra, is uiteindelik gebreek. Die belofte wat God aan Mannin gemaak het, het God gestand gedoen. Jesus Christus is God en Hy is as ‘n mens gebore uit Maria. Hy het nie die sondes van die voorgeslag gehad nie. Hy het ook nie sy eie sondes gehad nie. Hy was dus heeltemal geskik om die oorwinning oor die satan en die sonde te bewerk.

## Jesus oorwin alles

Die Here Jesus oorwin die sonde, die satan en die dood deurdat Hy aan die kruis sterf. Hy was drie dade dood maar staan weer daarna uit die dood uit op. Daardeur wys God dat Hy sterker is as die satan, die sonde en die dood. Jesus Christus, die Seun van God, is die Oorwinnaar.

Dit wat die satan laat skeef loop het, maak Jesus Christus nou reg. Hy doen dit deur te sterf. Daardeur betaal Hy vir al die verkeerde dinge wat die mense gedoen het. Hy doen dit ook deur uit die doderyk te kom.  Daardeur wys Hy dat God ‘n nuwe lewe aan mense gee wat vry is van verdrukking en onderdrukking.

## Wat beteken dit vir ons?

Dit is vir ons baie goeie nuus. Ons hoef nie nou self te probeer om die oorwinning te behaal nie, God gee dit vir ons as ‘n geskenk.  Hoe kry mens hierdie geskenk in die hande?

Die Bybel gee ‘n kort antwoord daarop.  Jy moet die Here glo. Soos wat Mannin die Here se belofte geglo het, sy het vertrou dat die Here kan doen wat Hy sê, het sy haar vertroue so op die Here gestel dat sy die oorwinning van Hom af verwag het. Sy het vir Jesus Christus gewag dat Hy kom.

Alhoewel sy nie al sy Naam geken het, soos ons vandag nie, het sy geweet dát Hy sou kom. Die Here verbind dit wat Hy deur Jesus Christus gedoen het, aan ons lewe hier en nou deur die Heilige Gees.  Hy doen dit deurdat die Heilige Gees in iemand kom woon en aan die persoon geloof gee om God te vertrou.

## Kinders van die Here is wenners

Mense wat in God glo is kinders van God. Kinders van God glo omdat die Heilige Gees in hulle bly. Kinders van die Here is verbind aan Jesus Christus deur die geloof en deur die Heilige Gees.  God reken nou die oorwinning van sy Seun (die dood en die opstanding) toe aan die gelowiges.  Dit beteken in kort dat God vat dit wat met Jesus Christus gebeur het op dat ons ook daaraan deel kry.

Jesus Christus se oorwinning word nou ons eie oorwinning. Dit het baie groot gevolge. Die Here Jesus het die satan gewen. Gelowiges het dus oorwinning oor die satan gekry. Dit beteken ons hoef nie gebind te wees aan die ketting waarmee die satan ons vasbind nie.

Die satan het baie sulke kettings. Die meeste kere is dit vrees of haat in ons harte wat nie wil weggaan nie. Soms stuur die duiwel selfs een van sy bose geeste om in mense te kom bly. Dan vat die satan eintlik iemand se hele lewe so oor.

Die persoon is dan ‘n slaaf van die satan en die sonde en kan nie die vryheid geniet wat God bedoel het om aan die mense te gee nie.  Wie nou in Jesus Christus begin glo, kry nou deel in die oorwinning van die Here Jesus.

Die Here Jesus jaag dan self die satan uit so iemand se lewe weg. God wys dat Hy groter is as die sondige wêreld.





# SLOT:

# ONS GROOT GESKENK

Ons het ‘n groot en kragtige geskenk by God gekry: wêreld oorwinning? En hoe kom dit na vore dat Christene die wêreld oorwin. Deur hulle geloof, deur hulle vertroue op God se beloftes en gehoorsaamheid aan sy bevele. Daardeur kry die gelowige deel aan wie Jesus is en wat Hy doen.

Die Here Jesus Christus het die satan, die sonde en die wêreld oorwin. As jy in Jesus Christus glo, dan kry jy deel aan sý oorwinning. Dan weet jy: ek kan wag totdat die Here weer terugkom. Hy het reeds gewen. Solank ek aan Hom vashou is sy oorwinning my eie oorwinning. Dit gee ons baie krag in ons eie lewe. Ons moet oor niemand baas probeer speel nie.

Jesus Christus is die Hoof alleen. Ons mag nie toelaat dat iemand anders ons probeer slawe maak nie. Jesus Christus alleen is die Koning. Ons geloof oorwin die wêreld. Deur ons geloof wat die Heilige Gees ons gee weet ons dat ons eendag saam met die Here Jesus op sy troon sal sit en as oorwinnaars sal ons selfs die duiwel, die ander bose geeste en die ongelowige wêreld oordeel. Ons is oorwinnaar in Jesus Christus se Naam. Dit is ‘n heerlike voorreg. Dit is ‘n groot plig.

God se Woord gee die antwoord op ons lewensvrae. Dit is ‘n werklikheid dat ons deur ons hele lewe met talle vrae worstel. Vrae soos wat is die doel en sin van my lewe, is daar lewe na die dood, wie is God regtig en hoe kan mens Hom waarlik ken, waar kom alles vandaan?

Die Here se Woord laat ons hoor wat God oor hierdie vrae sê. Die Here wil egter dat ons Homself éérs Self as die antwoord leer ken uit sy Woord. As ons Hom ken dan word ons toegerus om juis ook hierdie ander lewensvrae te hanteer. God se Woord gee die antwoord.



# Woordelys:

*Bybel:* dit is die Woord van God.

*Lewens- en wêreldbeskouing:* dit is die manier hoe jy na die wêreld kyk. Dis soos 'n bril waardeur jy kyk. Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing wil 'n bril opsit wat volgens die Bybel is.

*Teokrasie:* dit is die regering van God. Dit kom van die Grieks af; (theo – God) en (kratos – regeer). Vir Christene beteken teokrasie dat die Here regeer.

*Almagtig:* dit is God se groot mag wat alles kan doen wat Hy in liefde wil.

*Ellende:* dit is ons sonde wat ons band met God breek, ellende beteken eintlik 'uit-die-land'.

*Skepper:* dit is God wat alles gemaak het. Die Here is 'n enige Here en is die Skepper van alle dinge.

*Koningskap:* dit is die manier hoe die Here oor ons regeer. Hy is die Koning van alle konings.

*Geregtigheid:* dit is wat reg is in God se oë. God se geregtigheid gee Hy vir ons deur sy Seun dit wat verkeerd is weer reg maak deur sy kruis en opstanding. As mens se saak met God reg is, moet mens ook reg met ander mense maak.

*Regverdigheid:* dit is dat God van ons mag vra wat Hy as Skepper wil. God hou by sy bevele en beloftes – Hy bly regverdig.

*Weer gebore / wedergeboorte:* dit is wanneer God die Heilige Gees in iemand werk en die persoon aan die Here Jesus en God die Vader vasbind. Christene is wedergebore mense wat in God glo.

*Vergifnis:* dit is 'n geskenk wat God sy kinders gee op grond van sy Seun Jesus Christus. Die Here Jesus het betaal vir die sonde en daardeur vergewe die Here sy kinders. As God jou vergewe het, moet jy ander mense ook vergewe.

*Versoening:* dit beteken dat die gebreekte verhouding tussen God en ons herstel is. As ons met God versoen is, dan is die skeiding tussen ons en God weggevat.

*Sonde:* dit is om te doen wat God nie wil hê nie. Sonde breek ons band met God. Sonde lei tot die dood.

*Sondeval:* dit is waar die eerste mense, Adam en Eva teen God gesondig het op die aarde. Voordat dit plaasgevind het, het die duiwel teen die Here in opstand gekom in die hemel.



